NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 18 – Uitgawe 9
13 Maart 2025

# Seisoene van die lewe

**Pille het my kalender geword. Omdat ek, sedert emeritaat, nie meer gebonde is aan die dwangbuis van ’n dagboek nie, meet ek die gang van dae en weke aan die kompartemente van die pilhouer waarin ek 14 dae se pille op ’n slag inpak. As ek in die oggend my medikasie uithaal, herinner die kompartement my watter dag van die week dit is. As ek na twee weke agterkom die pilhouer is leeg, besef ek: Nog twee weke van my lewe is verby*.***

So is ek een dag besig om my tweeweeklikse voorraad pille uit te sorteer, toe die nimlike Nellie, ons huishoudster, my so staan en kyk en toe sê: “Ja, ons lewe is nou nes ’n selfoon: Jy moet hom elke dag *recharge*”. Toe ek nadink oor hierdie stukkie wysheid, besef ek hoe waar dit is, maar op meer as een manier. Ons moet elke dag op ’n manier ons krag en entoesiasme vir die lewe herlaai kry, maar, so met die verbygaan van weke, het ons ook die seisoene van die lewe nodig om te herlaai.

Dis waar van die seisoene in die natuur – na die amperse doodsheid van winter het ons die bruisende nuwe lewe van lente nodig om ons te herlaai. Na die gewoel van somer het ons herfs nodig om ons te help met die oorgang na winter wanneer ons as’t ware saam met die natuur kan hiberneer om so ons krag te herlaai vir die bedrywigheid van die lente en somer wat voorlê.

Dis egter ook waar van die seisoene van die kerklike jaar. In sy *’n Kort inleiding tot die kerklike jaar* skryf dr Gerhard Bothma*: Indien ons die kerklike jaar as ’n belydenis oor God se betrokkenheid by ons beskryf, kan ons sê dat God reeds in hierdie wêreld ís en aan ons verskyn (Epifanietyd), by ons betrokke raak (Lydenstyd), ons tot nuwe lewe opwek (Paastyd) en ons in staat stel (Pinkstertyd) om daagliks in sy koninkryk (Koninkrykstyd) met hoop (Adventstyd) en verwondering (Kerstyd) te lewe.*

Ons is nou in Lydenstyd waarvan die begin verlede week op Aswoensdag in baie kerke gedenk is. Eerskomende Sondag is die Tweede Lydensondag. Dr Bothma skryf soos volg oor Lydenstyd: *Deur Jesus se lydenstyd en -weg in herinnering te bring, fokus ons op God se medelye met ons en die mense rondom ons, asook ons eie broosheid, sterflikheid en toewyding. In sy lyding sien ons dat God by Hom bly en Hom voortdurend versterk. In en deur sy optrede en woorde sien ons dat God by ons betrokke is en bly. Hy was van God verlate, sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie, aldus die nagmaal-formulier. God is by mense, nie net wanneer dit voorspoedig gaan nie, maar veral waar mense sukkel, swaarkry en ly.*

Lydenstyd is daarom ’n tyd van stille, diepe nadenke. Lydenstyd kan vir ons ’n baie goeie tyd wees om geestelik te herlaai as ons onsself toelaat en/of dwing om in Lydenstyd van die lug af te gaan wat betref die geraas van ons elke dag se bestaan en stil na te dink oor die diepte van God se liefde vir ons. Ons sien dié liefde in die diepte van die lyding en sterwe van Jesus.

Die stil word van Lydenstyd bevestig ook aan ons dat dit goed en nodig en reg is as ons soms stil tye, selfs seisoene in ons lewens ervaar. Sulke stil tye, tye van introspeksie, diepe nadenke is dalk net wat ons nodig het om behoorlik te herlaai sodat ons op vol sterkte die eise van die lewe kan aanpak.

**Ds Etienne Fourie**
**Emeritus/Benoryn**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Lief en leed



Dr André Ungerer



Ds Elmien Shaw



Ds Oscar Madlala

- Die Kommissie van die AKV het van die volgende kerknuus verneem tydens hul afgelope vergadering:
  - **Dr AG (André) Ungerer** (dosent) het 'n hartomleiding ondergaan en hy sterk tans goed aan.
  - **Ds WM (Elmien) Shaw** (Swartkop) se dogtertjie, **Sofia** (3), het op 27 Februarie 2025 'n hartoperasie ondergaan. Sy sterk goed aan.
  - **Ds Oscar Madlala** (MRCC) het sy meestersgraad in strategiese kommunikasie aan die Universiteit van Johannesburg voltooi.

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Maart 2025, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 13 Maart: Di LK (Lilian) Erasmus (35) (Wonderboom), en RJ (Rudi) Rust (66) (emeritus)
  - Sondag 16 Maart: Di GS (Gerrie) Botha (66) (emeritus), en AC (Arie) Kuyper (71) (emeritus)
  - Maandag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk (85) (emeritus)
  - Dinsdag 18 Maart: Di P (Pieter) de K Furstenberg (50) (Richardsbaai), en RTI (Robby) Pienaar (69) (emeritaat/Ogies)
  - Donderdag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (59) (beroepafwagtend), PA (André) Harmzen (46) (buiteland/Swartkop), en T (Tanya) Maartens (25) (Klerksdorp-Wilkoppies)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 31 Maart** bereik **vir 11 April** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Hannes van der Merwe en Prop Louis Venter

- **Prop Louis Venter** is tydens 6 Maart se vergadering van die Kommissie van die AKV **gelegitimeer**. Hy woon in Johannesburg waar hy voltyds as huweliksterapeut werk. Hy is beskikbaar om deeltyds in gemeentes te werk.

- **Ds D (David) Barnard** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Gemeente **Magaliesmoot**. Hy het die beroep aanvaar en word op 13 April in die gemeente bevestig.

- **Ds M (Maritza) Oosthuizen** (nie-diensdoende predikant) het 'n beroep na die **NG Kerk Gemeente Heidelberg**, Wes-Kaap, aanvaar.



Ds David Barnard



Ds Maritza Oosthuizen

- Tydens die onlangse vergadering van die Kommissie van die AKV het hulle hul gelukwense oorgedra aan die dosente. **Dr JR (Robert) van Niekerk** ontvang 'n akte van benoeming as teologiedosent en 'n biltongruiker, en **proff AB (Ananda) Geyser-Fouché, T (Tanya) van Wyk en dr A (Antionette) Janse van Rensburg** ontvang elk 'n blommeruiker.



Dr Robert van Niekerk



Prof Ananda Geyser-Fouché



Prof Tanya van Wyk



Dr Antionette Janse van Rensburg

- **Gemeentes Vanderbijlpark en Rietspruit:** Vanderbijlpark vier op 18 Maart haar **75ste bestaansjaar**, terwyl Rietspruit op 20 Junie haar **60ste bestaansjaar** vier. Die twee gemeentes funksioneer geruime tyd al as een en gaan daarom hierdie genadeviering saam hou op **6 April 2025**. Vorige predikante, lidmate en belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleentheid. 'n Erediens met Nagmaal begin om 10:30 te Gemeente Vanderbijlpark. **RSVP teen 21 Maart 2025** by **nhkrietspruit@gmail.com** of Lettie Bothma by 082 773 4741.

- **Gemeente Losberg** in Fochville is op 16 Mei 2025 'n volle **100 jaar** oud. Die feesvieringe begin Sondag **18 Mei** met 'n **lofsangdiens** en word op die naweek van **30 Mei tot 1 Junie** voortgesit waartydens ons afskop met ons ***100 jaar van genade*-basaar**. Die basaar begin Vrydag 30 Mei om 09:00 tot 18:00 en gaan Saterdag 31 Mei van 08:00 tot 13:00 voort. Sondag **1 Junie** vier ons **Nagmaal** om 09:30 waartydens groeteboodskappe en gelukwense oorgedra sal word. Na afloop van die diens, sluit ons af met 'n ete en geleentheid om heerlik saam te kuier. Indien u (oud-predikante, oud-gemeentelede en belangstellendes) die geleentheid op Sondag 1 Junie 2025 wil bywoon, moet u asseblief **voor 14 Mei 2025** vir **Dr EB Marran** (082 444 1089) of **Sannietjie Boshoff** (072 361 2359) kontak.

- **Trek jy Suid-Kaap toe?** Gemeentes Swellendam (**nhkswellendam@gmail.com**), Outeniqua (**outeniqua@nhk.co.za**), Mosselbaai (**gertmalan@telkomsa.net**) of Oudtshoorn (**nhk.oudtshoorn@gmail.com**) ontvang jou graag.

- **Gemeente Nigel** se **opgedateerde inligting** is:
    - Sekretariële beampte: Mev CW (Wilna) de Fortier, 083 961 0917 / **nhknigel@absamail.co.za** / **wdf@skipgonigel.co.za**
    - Kassier: Mev CW (Wilna) de Fortier, 083 961 0917 / **nhknigel@absamail.co.za** / **wdf@skipgonigel.co.za**

## Vergaderings

- Vrydag 14 Maart: Komitee vir Argief, Museum en Biblioteek
- Maandag 17 Maart: Bestuurskomitee

## Werksgeleenthede

- **Pos as orrellis: Gemeente Kempton Park-Oos** se orrelispos is vakant. Belangstellendes kan asseblief vir ds Anneline Geyer kontak by 082 924 7344 of **ds.anneline@gmail.com** vir meer inligting en besonderhede rakende die pos.

- **Algemene Sekretaris:** Die **Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WCRC)** is opsoek na 'n toegewyde, deernisvolle en visioenêre leier om te dien as sy volgende Algemene Sekretaris. Die WCRC is 'n deelnemende en profetiese koinonia, verenig in 'n gemeenskap en geregtigheid met 'n wêreldwye gemeenskap van 100 miljoen Christene oor meer as 230 kerke in 107 lande. Kontak asseblief vir mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** vir meer inligting. **Aansoeke sluit 30 April 2024**.

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

- **Gemeente Kathu** vra **skenkings** vir hul basaar wat op **29 Maart** plaasvind. Kontak vir Johan Muller by 083 958 3405 vir meer inligting. Skenkings kan ook in hul bankrekening gemaak word. Bankbesonderhede: Absa, NHK-Karthu, rekeningnommer 4109126751, takkode 632005.

## ’n Gedig

**Pyn**

Pyn was amper vergeet
Ek voel dit weer
Raak U my aan
hier agter oor my niere
daar’s iets daar –
Vryf oor my hart
Vat my klam hande
Nie dat U die moet genees nie –
Net stadig met my saamloop, Heer.
En laat ek pynlik vrolik wees
en pyn sover ek kan vergeet
en waarlik vry wees;
U-in-pyn liefhê,
Versink in U
God, gees in Gees

**IL de Villiers (1975)**
Uit: www.bible.com

## Kerklike en ander publikasies




- Die ***Bybelse Dagboek/Almanak* 2025** is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.





## SP Engelbrecht-museum

- Ds Johann de Bruin het toestemming gekry om ’n **ou posbus te verskuif** na die museum. Hy benodig egter hulp in die vorm van gewillige sterk hande en donateurs. Belangstellendes kan hom gerus kontak by **082 733 3951** of **careljohann@gmail.com**.

## Toerusting


HTK e-leer kursus vir alle lidmate van die kerk

Tema: Doopkategese

Fooi: R100

Navrae: Ds Hannes van der Merwe
+27 82 575 1979
hannes@pretoriaoos.com

Klik ***hier*** vir meer inligting.
Registreer: **https://winkel.hervormdeteologie.co.za/**



MODULES
1 My roeping - ’n Lewensreis
2 Liturgie van die doop
3 Geloofsvorming by die huis
4 Ek deur God se oë
5 Die eerste dae van jou kindjie se lewe

- **Versorgeropleiding:** Is jy Afrikaans met jou eie vervoer en akkommodasie en ’n besonderse liefde en omgee vir jou medemens? Registreer vir die versorgeropleiding wat aangebied word deur die opleidingsinstituut van Solidariteit en gemeentes van die NHKA. Die opleidingskursus duur ses maande en vind by die **Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut** in Garsfontein, Pretoria plaas. Die kursus fokus op bejaardes, persone met gestremdhede, asook versorging vir persone wat operasies ondergaan het. Kandidate word toegerus met die nodige vaardighede en kundigheid om gereeld met gemeentes en instansies te skakel en dienste teen billike vergoeding aan te bied. Indien jy belangstel skakel gerus vir Helpende Hand by 012 111 8360 of besoek die webtuiste ***hier*** of kontak **kantoor@kerkteendieberg.co.za** of 081 000 5818.

SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die
NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal kredIete 379; 5 jaar deeltyds



***Toelatingsvereistes***
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

“Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk.”

***Inskrywings vir Februarie 2025 kan nou gedoen word.***

Navrae: Dr Deon du Toit
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 894 5751

*Maak ’n verskil in die Koninkryk van God*

## Studentesake

- Ons besef hoe belangrik dit is om te voel dat jy iewers aan ’n geloofsgemeenskap behoort. Om weg van jou ouerhuis ’n geestelike tuiste te vind, kan ’n uitdaging wees. Ons wil graag van diens wees.

  Studeer jy by enige van hierdie instansies?
  - Akademia
  - Centurion Akademie
  - Sol-Tech
  - Stadio

- As jy in die Centurion-omgewing woon, wil ons jou bewus maak van die geestelike versorging wat ons gemeente aan studente bied. Ons bedien die volgende woonareas:
    - Lyttelton
    - Kloofsig
    - Monumentpark
    - Doringkloof
    - Irene
    - Die Hoewes
    - Highveld

  Ons wil graag 'n geestelike tuiste aan alle studente in ons omgewing bied. Ons kan selfs vervoer na ons gemeentebyeenkomste reël. Indien jy meer inligting benodig, kontak gerus vir ds Lisa-Mari (083 943 4561) of vir Maryna (012 664 2044 tydens kantoorure).

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

    - Eenslaapkamer: R515 000
    - 1½-slaapkamer: R520 000
    - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderrig

## TOIBO en NHKA stap al 78 jaar saam...

**Met 'n groot droom in die hart en in geloof wou die drie Afrikaanse susterskerke (NHKA, GKSA en NGK) 'n daadwerklike verskil maak om kinders met spesiale onderwysbehoeftes te ondersteun. Gevolglik is die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) op 13 Maart 1947 tot stand gebring.**

Die eerste skool, Transoranje-skool vir Dowes, is op 16 Augustus 1954 in Pretoria-Wes gestig met die doel om 'n skool vir dowe kinders in die noorde van ons land te bied. Daarmee is aandag gegee aan 'n groot uitdaging waarmee talle ouers geworstel het.

Dit was egter gou duidelik dat die Instituut ook ander skole sou moes open vir kinders met ander gestremdhede. In die daaropvolgende jare is nog drie skole in Pretoria geopen, naamlik Prinshof-skool vir Gesiggestremdes (1963), Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid (1972), en Sonitus-skool vir Gehoorgestremdes en Leergestremdhede (1973). In Bloemfontein is die Hoërskool Martie du Plessis vir Fisiese, Serebraal- en Leergestremdhede (1962) begin.

Vandag bied hierdie skole gespesialiseerde onderrig en opvoeding aan 2 018 kinders met verskillende gestremdhede wat spesiale onderwysbehoeftes het. Die skole funksioneer goed en behaal jaarliks toekennings op verskeie gebiede vir hul hoogstaande onderrig en prestasies.

Die leerders kom van oral in die land en ongeveer 15% woon in die skole se koshuise weens afstand of ander omstandighede. Hulle presteer ook baie goed – nie net akademies nie, maar ook op kultuur- en sportgebied.

Die Instituut funksioneer onafhanklik van die vyf openbare skole en streef daarna om haar doelwit na te kom, naamlik om kinders met spesiale onderwysbehoeftes in staat te stel om hul volle potensiaal te bereik deur fisiese hulpbronne en ondersteuning binne 'n Christelike etos by te dra.

Tans word 855 behoeftige leerders op die een of ander manier deur TOIBO ondersteun. Verskeie behoeftes van die kinders word met die verskillende projekte hanteer. Kontantdonasies is noodsaaklik, maar gemeentes en individue kan ook bydra met produkinsamelings wat werklik 'n groot verskil maak.

Die hoofprojek, *Projek Sonskyn*, behels 'n kwartaallikse kontantdonasie aan die skole en help met behoeftige kinders se skoolfonds, koshuisfooie, vervoerkoste, klerasie, voedsel, skryfbehoeftes, hulpmiddels en ander behoeftes. Hierdeur kon derduisende kinders met gestremdhede reeds onderrig van hoogstaande gehalte ontvang, hul beperkinge oorkom en met waardigheid die lewe in die oë kyk.

Onder hierdie projek ressorteer kleiner projekte wat afhanklik is van kontantdonasies en skenkings van produkte en items. *Projek Volmagie* maak voorsiening vir die skenking van voedsel. Bykans 500 behoeftige kinders ontvang daagliks etes by die skool en 'n kruidenierspakkie word huis toe gestuur tydens vakansies om te verseker dat hulle kos het. *Projek Waardigheid* voorsien basiese badsakkieprodukte, skryfbehoeftes en klerasie. *Projek Warmlyfie* sorg vir warm winterklere, en *Projek Skoolskoene* sorg vir skoolskoene, skoolklere en skooltasse.

Ander maniere waarop die Instituut ondersteun kan word, is om plakkers tydens die jaarlikse Loslitdagveldtog by die Instituut te bestel. Gemeentes kan ook jaarliks 'n spesiale kollekte vir die Instituut oormerk. Individue kan selfs maandeliks 'n privaatdonasie maak deur 'n elektroniese

oorbetaling of deur hul Koopkrag- of Pretorium Trust-rekening. Testamentêre erflatings of polisbemakings is ’n verdere manier om te help. ’n Artikel 18A- belastingaftrekbare sertifikaat is beskikbaar vir kontantdonasies.

Enige navrae kan gerig word aan die uitvoerende beampte, mev Alta Koekemoer, by **info@toibo.org.za** of 076 143 6961. Loer ook gerus ***hier*** na die TOIBO-webblad vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.


Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

O Here, wees ons, sondaars, genadig!
Ons wat ook soos Judas so geneig is om sommetjies te maak
as ons ons lewe voor U bedink.
Ons wat uitreken wat ons gaan kry in ruil
vir dit wat ons gee vir U en vir u kerk.
Maak ons soos Maria, Here, wat nie vra wat dit ons kos nie.
Maak ons mense wat geheel en al op U gerig is,
wat lewe vanuit die liefde wat U ons gee,
wat verstaan dat hoevéél ons ook al vir U gee en doen,
dit nog altyd so min is as ons dink wat U vir ons gedoen het.
Maak ons mense wat U in dankbaarheid en ootmoed elke dag volg.
Maak ons soos U, Here Jesus.
Amen.

www.bybelkoerant.co.za




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel
Joernalis: Ds Iwana Hartmann